



basic education  
Department  
Basic Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

ANNEXURE B: COMPOSITE RECORDING SHEET

SUBJECT: Accounting

PAPER: \_\_\_\_\_

DEPARTMENT OF BASIC  
EDUCATION

2014 -11- 11

PRIVATE BAG X 110  
PRETORIA 0001

PUBLIC EXAMINATIONS

*reference details*

SCRIPT NUMBER: \_\_\_\_\_

MARKER CODE	Q1 SCORE	Q2 SCORE	Q3 SCORE	Q4 SCORE	Q5 SCORE	Q6 SCORE	Q7 SCORE	Q8 SCORE	Q9 SCORE	Q10 SCORE	Q11 SCORE	Q12 SCORE	Q13 SCORE
Question TOTAL													
Panel Mark													
ECIM													
ECCM													
FSIM													
FSCM													
GPIM													
GPOH													
KZNIM													
KZNCM													
LIMIM													
LIMCM													
MPUIM													
MPUCM													
NCIM													
NCCM													
NWIM													
NWCM													
WCIM													
WCCM													
DBEIM													
DBECE													
Variance	2	2	1	2	0	1							
TR	1-3-3	2-3-1-1 2-3-2-1	3-5	4-5-1 4-6-1	-	6-2-1							
Agreed Score													

*Gchende*

Internal moderator

6/11/2014

*Diederhoff*

External Moderator

6/11/2014

*W. Stall*

Internal moderator

6/11/2014



# basic education

2014-11-07

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION  
PRETORIA 0001

Department:  
Basic Education

**PUBLIC EXAMINATIONS**

**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

Approved

*G. Schreuder*

Internal moderator

6/11/2014

*Approved*  
*D. Woodroffe*  
External Moderator  
6/11/2014

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

*In Hall*

Internal moderator

6/11/2014

**GRAAD 12**

*Approved*

*J. Mamele*

External Moderator  
6/11/2014

**REKENINGKUNDE**

**NOVEMBER 2014**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 300**

## NASIENBEGINSELS:

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde items strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbele penalisering toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. Besonderhede) is van toepassing slegs indien die kandidaat punte verdien het vir die bedrae.
3. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie).
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of - teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Hierdie memorandum is nie vir publieke verspreiding nie omdat sekere items as foutief mag voorkom. Die aanpassings is gemaak as gevolg van nuanse in sekere vrae.
8. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
9. Waar metodepunte toegeken word vir bewerkings moet merker die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punte toegeken word.
10. Waar metodepunte toegeken word, maak seker dat die kandidate nie volpunte toegeken word vir enige item wat gedeeltelik foutief is nie.
11. Wees versigtig vir kandidate wat geldige alternatiewe antwoorde buite die nasienriglyn verskaf
12. Kodes: f = vreemde items; p = plasing/aanbieding.

**Hierdie memorandum bestaan uit 19 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

2014 -11- 07

PRIVATE BAG X 110  
PRETORIA 0001

**PUBLIC EXAMINATIONS**

**VRAAG 1**

1.1

1.1.1	Belasting op toegevoegde waarde	✓
1.1.2	0% Nul-koers	✓
1.1.3	Eerste in Eerste uit	✓
1.1.4	Deurlopende	✓

4

1.2

**Bereken die finale bedrag betaalbaar aan SAID op 31 Julie 2014.**

merk slegs een lyn – kies metode om kandidaat te beoordeel een deel korrek

$-11\ 200 \checkmark + 126\ 000 \checkmark - 77\ 000 \checkmark + 273 \checkmark - 6\ 692 \checkmark\checkmark - 1\ 330 \checkmark\checkmark = 30\ 051 \checkmark$

OF

$11\ 200 - 126\ 000 + 77\ 000 - 273 + 6\ 692 + 1\ 330 = - 30\ 051$

merk slegs een rekening – kies rekening om kandidaat te beoordeel

BTW-kontrole (kan Inset & Uitset wees)	
✓ 11 200	✓ 126 000
✓ 77 000	✓ 273
✓✓ 6 692	
✓✓ 1330	
<input checked="" type="checkbox"/> 30 051	enige een deel korrek

OF

Aanvaar soos hieronder om ooreen te stem met berekening hierbo	
✓ 126 000	✓ 11 200
✓ 273	✓ 77 000
	✓✓ 6 692
	✓✓ 1330
enige een deel korrek	<input checked="" type="checkbox"/> 30 051

Aanvaar negatiewe bedrae of bedrae in hakies op teenoorgestelde kante

9

1.3 1.3.1

**Bereken die totale bedrag betaal vir vraggeld op die aankope op 11 Junie 2014.**

(1 600 x 215) 2 punte

$R352\ 600 \checkmark - 344\ 000 \checkmark\checkmark = 8\ 600 \checkmark$  bewerking enige een deel korrek

4

1.3.2

**Bereken die waarde van die eindvoorraad op 30 Junie 2014 deur die geweegdegemiddelde-metode te gebruik.**

769 650 (2 marks)

(352 600 + 290 400 + 128 950) 1 mark

$77\ 900 \checkmark + 770\ 850 \checkmark - 1\ 200 \checkmark \times 580 \checkmark$

$410 \checkmark + 3\ 280 \checkmark - 5 \checkmark$

3 275 (2 marks) (1 600 + 1 210 + 470) 1 mark

$847\ 550$  3 punte X 580 1 mark

$3\ 685$  3 punte

$= R133\ 400 \checkmark$  bewerking enige een deel korrek

8

*Dunit*  
*Dit is hulle*

**1.3.3 Verduidelik die uitwerking wat dit op die bruto wins sal hê**

Bruto wins sal toeneem ✓✓ (met R20 850)

**EEN geldige rede vir die verandering van die voorraadwaardasie-metode:**

✓✓ Ken deelpunte toe vir gedeeltelike antwoorde

- EIEU is 'n meer gepaste of akkurate of realistiese metode van voorraadwaardasie van skoolbaadjies
- Skoolbaadjies is afsonderlike eenhede waar koste maklik geïdentifiseer kan word.
- EIEU is meer gepas of akkuraat of realisties want voorraad word teen die mees onlangse / wisselende pryse gewaardeer.
- EIEU is meer realisties / akkuraat / gepas / meer huidig.

**EEN geldige rede teen die verandering van die voorraadwaardasie-metode:**

✓✓ Ken deelpunte toe vir gedeeltelike antwoorde

- Dit is oneties / bedrog / verkeerd om finansiële rekords te manipuleer.
- Dit sal tot hoër belasting lei.
- Onkonsekwent / Dit is belangrik dat finansiële rekords van jaar tot jaar konsekwent is vir vergelykbaarheid.
- Oor 'n tydperk is daar geen verskil in die totale bruto wins verdien nie.

6

**1.3.4 Harry is bekommerd oor die beheer oor sy voorraad baadjies. Hy het 2 900 baadjies gedurende die jaar verkoop. Gee 'n berekening om sy kommer te staaf.**

Wees op die uitkyk vir ander metodes bv. Losop vir x  
Merk siegs een lyn kies metode om kandidaat te beoordeel

✓                      ✓                      ✓                            bewerking enige een deel korrek

$$(410 + 3\,280 - 5) - 580 - 2\,900 = 205$$

3 685 1 punt    3 105 2 punte

**OF**

$$(-410 - 3\,280 + 5) + 580 + 2\,900 = -205$$

4

<b>TOTALE PUNTE</b>
35

*Handwritten signatures and initials*

**VRAAG 2**

2.1 Die boekhouer, Litzie, sê dit is nie vir haar nodig om 'n versoeningstaat voor te berei nie, aangesien die krediteure in elk geval maandeliks 'n rekeningstaat aan die onderneming stuur. Wat sal jy vir haar sê? Noem TWEE punte.

Enige TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓ Moet 2 afsonderlike punte wees  
Ken deelpunte toe vir onvolledige antwoorde

Verwagte antwoorde:

- Die rekeningstaat kan foute op hê.
- Hierdie is 'n interne beheermaatreël.
- Dit kan lei tot die opspoor van foute/weglatings/bedrog.
- Om die rekening met die staat te vergelyk/rekonsilieer/kontroleer.
- Om te verseker dat die BTW opgawe korrek is / om te help met die BTW opgawe.

4

2.2

Nr.	Krediteuregrootboek van KZ Winkels	Rekeningstaat ontvang van Vallei Bpk.
Saldo	112 820	182 150
A	- 9 000	- 9 000
B	✓✓ + 87 500	
C		✓✓ + 7 200
D		✓✓ - 1 400
E		✓✓ - 630
F	✓✓ + 2 100	
G	✓ - 5 250 ✓ - 5 250 - 10 500 (2 punte)	
H		✓✓ + 4 600
	182 920 ✓*	182 920 ✓*

16

\* Enige EEN deel korrek, kontroleer redelikheid & beginsaldo ingesluit  
Totale hoef nie ooreen te stem nie

Teken en bedrag moet korrek wees om die punt(e) toe te ken

Indien geen teken, aanvaar positief

Aanvaar hakies as 'n negatiewe bedrag

Vreemde / addisionele inskrywings -1 elke lyn; kan nie minder as 0 per lyn wees nie

**2.3 2.3.1 Verduidelik hoe daar teen J van Wyk opgetree behoort te word. Noem TWEE punte.**

Enige geldige punt ✓✓ ✓✓

Moet 2 afsonderlike punte wees; kan nie mekaar weersprek nie  
Ken deerpunte toe vir onvolledige antwoorde

- Moet 'n dissiplinêre verhoor bywoon
- Meld saak aan by SAPD
- Verplaas hom in afwagting van besluit / skors in afwagting van besluit (die uitslag van die verhoor / saak)
- Vereis dat werker geld aan werkgewer terugbetaal / trek geld van salaris af / neem regsaksie vir terugbetaling
- Dank werker af aangesien dit 'n ernstige oortrede is

Moet nie waarskuwing as 'n geldige punt vir 2 punte aanvaar nie tensy kandidaat ook terugbetaling as 'n punt noem – in konteks van R37 500 bedrog. Is waarskuwing alleen nie genoeg nie

Vir 1 punt:

Dank werker af / dank werker af; waarskuwing / verplaas werker / skors werker / dagvaar werker / neem regsaksie

4

**2.3.2 Wat moet die onderneming doen om 'n soortgelyke insident in die toekoms te voorkom? Verduidelik DRIE punte.**

Enige DRIE geldige punte ✓✓ ✓✓ ✓✓

Moet 3 afsonderlike punte wees

Vir 2 punte:

- Verdeling van pligte sodat een persoon kan die werk van 'n ander persoon kontroleer / kry iemand anders om hierdie transaksies goed te keur
- Roteer pligte sodat werkers nie permanent beheer oor 'n aspek van die onderneming het nie
- Doen interne oudits / kontroleer dokumente om die moontlikheid van bedrog en foute op te spoor.
- Fisiese voorraad kontrole (met betrekking tot rekords) / kontroleer voorraadvoorhande teen voorraadrekords.
- As goedere ontvang word, moet die ontvangsklerk voorrade wat ontvang is met die faktuur en bestelvorm vergelyk.
- Stel die verskaffer in kennis oor die prosedure van aflewering van goedere moet geskied en moet nie daarvan afwyk nie.

Vir 1 punt:

Skeiding van pligte; Rotasie; Magtiging vir alle bestellings; Interne beheer; Sekuriteit kameras (CCTV); Sekuriteit-kontroleerpunte (by uitgangpunte); gereelde voorraadtelling.

6

TOTALE PUNTE
30



2014 -11- 07

PRIVATE BAG X 110  
PRETORIA 0001

PUBLIC EXAMINATIONS

## VRAAG 3

## 3.1 3.1.1 AANDELEKAPITAAL

## GEMAGTIGDE AANDELEKAPITAAL

750 000 gewone aandele

## UITGEREIKTE AANDELEKAPITAAL

450 000 ✓	<b>Uitgereikte gewone aandele op 1 Maart 2013</b>	3 215 000 ✓	
80 000	<b>Gewone aandele gedurende die jaar uitgereik</b>	760 000 ✓✓	
(75 000)	<b>Gewone aandele teruggekoop (gemiddelde prys van R7,50✓)</b> indien antwoord korrek is en R7,50 weggelaat, ken 3 punte op finale antwoord	bewerking (562 500) ✓✓	
5 000 meer as begin aantal 455 000 ✓	<b>Uitgereikte gewone aandele op 28 Februarie 2014</b>	bewerking, een deel korrek OF aandele x gemiddelde prys gebruik 3 412 500 ✓	9

## 3.1.2 BEHOUE INKOMSTE

<b>Saldo op 1 Maart 2013</b>		<b>322 500</b>	
Netto wins na belasting		812 700 ✓✓	
Aandele teruggekoop (75 000 ✓ x 2,90 ✓)	bewerking een deel korrek en in hakies indien R10,40 – gem prys hierbo, moet >R0,01 per aandeel wees)	(217 500) 217 500 2 punte zero 0 punte ✓	
<b>Gewone aandeledividende</b>	bewerking een deel korrek en in hakies	(482 000) ✓	
Tussentydse dividende / Betaal		270 000 ✓	
Finale dividende / Verklaar 530 000 ✓ sien 3.1.1 x 40 sent ✓		een deel korrek 212 000 ✓	
<b>Saldo op 28 Februarie 2014</b>	bewerking	435 700 ✓	11

Vreemde items -1 (-2 maks)

OF Vir kandidate wat R270 000 tussentydse dividende weggelaat het of gekombineer het met finale dividende

<b>Saldo op 1 Maart 2013</b>		<b>322 500</b>	
Netto wins na belasting		812 700 ✓✓	
Aandele teruggekoop (75 000 ✓ x 2,90 ✓)	bewerking een deel korrek en in hakies indien R10,40 – gem prys hierbo, moet ten minste R0,01 wees)	(217 500) ✓	
<b>Gewone aandeledividende</b>	bewerking een deel korrek en in hakies	(212 000) ✓	
Tussentydse dividende / Betaal			
Finale dividende / Verklaar 530 000 ✓ sien 3.1.1 x 40 sent ✓✓ Indien syfer van R482 000 hier getoon word, ken 4 toe op totaal		een deel korrek 212 000 ✓	
<b>Saldo op 28 Februarie 2014</b>	bewerking	705 700 ✓	11

Vreemde items -1 (-2 maks)

Meant  
LH  
gg

3.2 VIJAY BEPERK  
BALANSSTAAT (STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE) S  
28 FEBRUARIE 2014

PUBLIC EXAMINATIONS

<b>BATES</b>			
<b>Nie-bedryfsbates</b>	bewerking	3 884 000	✓ 2
(totale bates – bedryfsbates)			
Vaste bates (drawaarde)	bewerking	3 234 000	✓
<b>Finansiële bate: Vaste deposito</b>		<b>650 000</b>	
<b>Bedryfsbates</b>			
	bewerking	863 100	✓ 5
<b>Voorrade</b>		<b>275 400</b>	
<b>Handels- en ander ontvangbare bedrae</b> (243 500 ✓ + 7 600 ✓)		251 100	✓
<b>Kontant en kontantekwivalente</b>		<b>336 600</b>	
<b>TOTALE BATES</b>		<b>4 747 100</b>	✓
totale ekwiteit en laste oorgedra			
<b>EKWITEIT EN LASTE</b>			
<b>Aandeelhoudersbelang</b>			
	bewerking	3 848 200	✓ 3
Gewone aandeelkapitaal	sien 3.1.1	3 412 500	✓
Behoue inkomste	sien 3.1.2	435 700	✓
<b>Nie-bedryfslaste</b>		451 200	4
Lening: William Bank (482 600 ✓ + 81 400 ✓ – 112 800 ✓) lf (482 600 + 81 400) X 80%	een deel korrek	451 200	✓
<b>Bedryfslaste</b>		447 700	12
	bewerking		
Handels- en ander betaalbare bedrae (62 460 ✓ + 12 120 ✓)	een deel korrek	74 580	✓
Aandeelhouders vir dividende	OF R482 000#	212 000	Verwys 3.1.2 ✓✓
SAID : Inkomstebelasting (348 300 ✓✓ – 299 980 ✓ moet van BL afgetrek wees)	een deel korrek	48 320	
Korttermyn gedeelte van lening		112 800	✓✓
kontrolleer dat lening hiermee verminder was			
*alle bedrae kan in Handels- en ander betaalbare bedrae ingesluit word			
<b>TOTALE EKWITEIT EN LASTE</b>		<b>4 747 100</b>	✓
bewerking			

26

Vreemde items -1 (-2 maks)

Uiteensetting / Plasing / Verkeerde of onvoltooide besonderhede –1 (maks –2)


SAID 348 300 – 299 980 mag onder H&amp;OB verskyn. penaliseer 1 vir plasing

Ander misplaaste BS items is nie vreemd nie – merk eenvoudig verkeerd

#Indien onder BL ingesluit is, sal alle opvolgende totale met R270 000 verskil

Handwritten signatures and initials, including 'Munt', 'DW', and 'h d'.





3.3 **Bereken die opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang vir 2014.**

$$\frac{812\,700 \checkmark \text{ sien 3.1.2}}{\frac{1}{2} \checkmark (3\,537\,500 \checkmark + 3\,848\,200 \checkmark) \text{ sien 3.2}} = 22,0\% \checkmark \text{ bewerking, \% aandeelhouersbelang}$$

3 692 850 3 punte

5

3.4 **Van 2013 tot 2014 het die direkteur 'n doelbewuste besluit geneem om die beleid oor die verdeling van winste in die vorm van dividende te verander. Lewer kommentaar op hierdie verandering. Haal finansiële aanwysers of syfers aan om jou antwoord te staaf.**

Hulle het 100% (al)  $\checkmark$  van hul verdienste in 2013 uitbetaal in vergelyking met 59%  $\checkmark\checkmark$  van hul verdienste (100 ÷ 170 sent) in 2014. Die onderneming behou meer fondse vir toekomstige uitbreidings / ontwikkeling  $\checkmark$

**OF**

Hulle het geen verdienste behou in 2013. (1 punt). In 2014 het hulle 70 sent (41%) van VPA behou (2 punte). Die onderneming behou meer fondse vir toekomstige uitbreidings / ontwikkeling of ondersteun egalisering van dividende in die toekoms / om NBW te verbeter (1 punt).

**Vir 1 punt:**

Die DPA het vanaf 82 sent tot 100 sent (18 sent) toegeneem terwyl die VPA vanaf 82 tot 170 (88 sent) toegeneem het (1 punt: het nie DPA met VPA vergelyk nie)

**Vir 1 punt:**

Die direkteur het besluit om die tussentydse dividende vir 2014 in die 2015 finansiële jaar te betaal.

4

3.5 **Lewer kommentaar daarop of die aandeelhouers tevrede behoort te wees met die persentasie opbrengs en die markprys van die aandeel. Haal TWEE relevante finansiële aanwysers aan (werklike syfers/verhoudings/persentasies) en hul neigings. Gee in elke geval addisionele kommentaar.**

Aanwysers  $\checkmark\checkmark$  Neiging & syfers  $\checkmark\checkmark$  Addisionele kommentaar  $\checkmark\checkmark$

OOAB (1 punt)

Toegeneem van 18,3% tot 22% (1 metode punt) / met 3,7 persentasie punte (sien 3.3)

Dit oorskry die opbrengs op alternatiewe beleggings (van 9%). (1 punt)

Moet NBW as aanwyser noem, Ken 1 punt toe vir neiging van of NBW of markprys

NBW (1 punt) is 846 sent

NBW het met 60 sent toegeneem (vanaf 786 sent tot 846 sent)

Markprys het met 28 sent afgeneem (vanaf 1060 tot 1032 sent)

Die markprys oorskry die NBW (1 punt) / beleggers is bereid om extra vir die aandeel te betaal.

**Vir 1 punt:**

Die markprys van die aandeel het van 1060 sent tot 1032 sent of met 28 sent afgeneem.

Hulle behoort teleurgesteld te wees.

(Moet markprys met NBW vergelyk vir 2 punte).

6

*Handwritten signatures and initials:*  
 DW  
 WJ  
 Y

3.6 Die eksterne ouditeure, Hassan en Jacob, het Janet in diens geneem om aan die audit van Vijay Bpk. te werk. Janet besit 10 000 aandele in Vijay Beperk.

**Verduidelik waarom dit 'n probleem is.** ✓✓

Enige een geldige rede; deelpunte vir gedeeltelike antwoorde

- Dit is botsende belange/oneties.
- Sy kan die resultate op 'n positiewe of negatiewe manier beïnvloed
- Oorsien van kwessies/binnehandelinsigting.
- Sy kan partydig optree / nie onafhanklik nie
- Die geldigheid / kredietwaardigheid van die audit kan in risiko wees

**Gee 'n geldige oplossing.** ✓✓

Enige een geldige rede; deelpunte vir gedeeltelike antwoorde


- Indien sy wil voortgaan met die audit, behoort sy die aandele verkoop.
- Sy moet van hierdie audit verwyder word / haarself van die audit verwyser om ander projekte in hierdie auditfirma aan te pak.
- Sy moet haar belange formeel verklaar en verseker dat haar werkgewers / hersieningskomitee 'n besluit neem rakende haar deelname in hierdie audit

**Vir 1 punt:**

- Sy moet haar belange formeel verklaar.

4

TOTALE PUNTE
65



*Handwritten signatures and initials:*  
 DWT  
 WHT  
 ES

## VRAAG 4

4.1 Bereken die ontbrekende bedrae (aangedui deur a, b, c) Vaste/Tasbarebata-nota vir die jaar geëindig 28 Februarie 2014.

PUBLIC EXAMINATIONS

NR.	BEWERKINGS	BEDRAG
a	6 740 000 – 2 689 000 geen deelpunte	4 051 000 ✓✓
b	140 000 – 33 600 geen deelpunte	106 400 ✓✓
c	$5\ 600 + 11\ 000 + 20\% \times (3\ 110\ 000 - 1\ 342\ 000)$ 353 600 (3 punte) OR: $5\ 600 + 20\% \times [(1\ 768\ 000 \times 10/12) + (2\ 098\ 000 \times 2/12)]$ 294 667 + 69 933	een deel korrek 370 200 ✓

12

## 4.2 METEOR SUPERMARKTE BPK.

## KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2014

11	<b>Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite</b>	(1 039 900) ✓ bewerking#
	<b>Kontant gegeneer uit bedryfsaktiwiteite</b>	<b>969 600</b>
	<b>Rente betaal</b>	<b>(88 500)</b>
	✓ Belasting betaal 441 000 ✓ + 122 000 ✓ + 128 000 ✓ Besonderhede & korrek geplaas 563 000 (2 marks) OF - 441 000 - 122 000 - 128 000	(691 000) ✓ 691 000 3 punte een deel korrek & hakies
	✓ Dividende betaal 480 000 ✓ + 750 000 ✓✓ of Besonderhede & korrek geplaas 480 000 + 1 620 000 – 870 000 Of -480 000 - 1 620 000 + 870 000 1 punt 1 punt 1 punt	(1 230 000) ✓ 1 230 000 3 punte een deel korrek & hakies
7	<b>Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite</b>	(4 274 600) ✓ bewerking#
	✓ Aankoop van vaste bates 4 051 000 ✓ + 330 000 ✓ Besonderhede & korrek geplaas sien 4.1 a	(4 381 000) ✓ 4 381 000 2 punte een deel korrek & hakies
	✓ Opbrengs uit verkoop van vaste bates sien 4.1 Besonderhede & korrek geplaas	106 400 ✓ bewerking & geen hakies
13	<b>Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite</b>	2 325 000 ✓ bewerking#
	✓ Opbrengs uit die verkoop van aandele Besonderhede & korrek geplaas	2 400 000 ✓ 2 400 000 1 punt korrek & geen hake
	✓ Terugkoop van aandele 50 000 x R9,50 Besonderhede & korrek geplaas	(475 000) ✓ 475 000 1 punt korrek & hakies
	✓ Verandering in lening Besonderhede & korrek geplaas	400 000 ✓ 400 000 1 punt korrek & geen hake
	<b>Netto verandering in kontant en kontantekwivalente</b>	(2 989 500) ✓ bewerking
	<b>Kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar</b>	<b>2 488 000</b>
	<b>Kontant en kontantekwivalente aan einde van jaar</b>	(501 500) ✓✓*

31

Geldige alternatiewe besonderhede aanvaarbaar

\* Bewerking van bo OF R13 500 OF (R515 000)  
 #bewerking een deel korrek in hierdie afdeling  
 (syfers/besonderhede)

Went DW  
 g h

4.3 By die AJV het 'n aandeelhouer gesê dat die Kontantvloeistaat swak besluite deur die direkteure toon. Verduidelik TWEE punte, met relevante syfers, om sy mening te staaf.

Enige TWEE geldige antwoorde: Verduideliking ✓ ✓ Syfers ✓

- Dividende van R1 230 000 (sien 4.2) veroorsaak 'n negatiewe syfer vir kontant teruggehou van bedryfsaktiwiteite.
- Vaste bates aankoop is baie hoog (R4 381 000) (sien 4.2) wat tot 'n oortrokke bank gelei het.
- Die direkteure het 'n groot bankoortrekking van R515 000 of R501 500 toegelaat a.g.v. hoë betalings vir dividende/vaste bates.
- Die terugkoop van aandele (R475 000) (sien 4.2) het kontantbronne verminder / het kapitaalbasis van die maatskappy verminder
- Die voertuig was teen boekwaarde verkoop (R106 400) (sien 4.2) en was slegs 1½ jaar oud.

4

4.4 4.4.1 Bereken die netto batewaarde per aandeel vir 2014.


$$\frac{8\,839\,000 \checkmark \times 100}{1\,450\,000 \checkmark \times 1} = 610 \text{ sent } \checkmark \text{ een deel korrek R of sent of } 609,6 \text{ sent of } R6,10$$

3

4.4.2 Bereken die skuld-ekwiteit-verhouding vir 2014.

$$908\,000 \checkmark : 8\,839\,000 \checkmark = 0,1 : 1 \checkmark \text{ een deel korrek, moet } x : 1 \text{ wees}$$

3



*DMT* *DW*  
*ES* *W*

4.5

**Lewer kommentaar op die likiditeitsposisie van die maatskappy. Haal DRIE relevante finansiële aanwysers (werklike syfers/verhoudings/persentasies) en hulle neigings aan.**

Enige DRIE geldige finansiële aanwysers:

Naam van finansiële aanwyser ✓ ✓ ✓

Syfer en neiging ✓ ✓ ✓

- Bedryfsverhouding: 3,6 : 1 → 1,6 : 1 / verminder na 1,6 : 1
- Vuurproefverhouding: vanaf 3,1 : 1 → 1,2 : 1 / verminder na 1,2 : 1
- Voorraadomsetsnelheid: 5,1 → 6,8 keer p.j. / vermeerder na 6,8 keer
- Debiteure-invorderingstermyn: 35 → 40 dae / vermeerder na 40 dae

**Algemene kommentaar:**

✓ ✓ ✓

Een geldige punt per aanwyser OF 3 punte vir omvattende kommentaar  
Uitstekende antwoord = 3 punte. Goed = 2, Swak = 1, Verkeerd = 0  
Toenames / afnames is nie 'n kommentaar nie - hierdie is neigings  
Kommentaar sal oor verbetering of doeltreffendheid wees

Verwagte antwoorde:

Vir 3 punte:

- Die bedryfsverhouding het verbeter / was moontlik te hoog in 2013 / kontant was te hoog / bedryfsbates verdien geen opbrengs nie / Hulle is dalk meer effektief in 2014.
- Die vuurproefverhouding het verbeter / is dalk meer effektief in 2014; moontlik te laag in 2014).
- Die voorraadomsetsnelheid het verbeter / voorraad het vermeerder maar word vinniger verkoop / help met die likiditeit en geskik is vir 'n supermark.
- Die debiteure betaal stadiger en hierdie neiging moet reggestel word (gewone kredietterme 30 dae).

9

4.6

**Die direkteure het besluit om die lening gedurende die huidige finansiële jaar te verhoog. Haal TWEE finansiële aanwysers (werklike syfers/verhoudings/persentasies) aan wat relevant is tot hul besluitneming. Verduidelik waarom dit 'n goeie besluit was, of nie.**

OOTKA ✓

- Dit is 18,8% ✓

SKULD-EKWITEITSVERHOUDING ✓

- Dit is 0,1 : 1 ✓ (sien 4.4.2)

**Verduideliking:** Afhanklik van berekening hierbo

- Positief gerat omdat die OOTKA hoër is as die rentekoers ✓✓
- Lae finansiële risiko (omdat dit meer op fondse uit interne bronne staatmaak) ✓✓

8

DW  
W  
Rouit

4.7 Die Bakker-familie besit 740 000 aandele in hierdie maatskappy. Verduidelik die uitwerking wat die terugkoop van aandele op 31 Desember 2013 op hul beheer oor die maatskappy gehad het. Gee 'n berekening(e) om jou antwoord te staaf.

Voor die terugkoop was die familie se aandeelhouding:

$$\frac{\overset{\checkmark}{740\ 000}}{\overset{\checkmark}{1\ 500\ 000}} \times \frac{\overset{\checkmark}{100}}{\overset{\checkmark}{1}} = 49,3\%$$

beide syfers

Na die terugkoop is die familie se aandeelhouding:

$$\frac{\overset{\checkmark}{740\ 000}}{\overset{\checkmark}{1\ 450\ 000}} \times \frac{\overset{\checkmark}{100}}{\overset{\checkmark}{1}} = 51,0\%$$

beide syfers

Neem kennis: Aandeelhouding vermeerder met 1,7%; dit is korrek vir 4 punte

Die familie is nou die meerderheidsaandeelhouer. ✓

**Vir 3 punte:**


Hulle het minder as helfte van die uitgereikte aandele besit voor die terugkoop (1 punt) maar nou besit hulle meer as helfte van die uitgereikte aandele (1 punt). Die familie is nou die meerderheidsaandeelhouer (1 punt).

**Vir 3 punte:**

Hulle besit 740 000 van die 1 500 000 aandele(1 punt). voor die terugkoop (1 punt)., en hulle besit 740 000 van die 1 450 000 aandele (1 punt). na die terugkoop (1 punt). Die familie is nou die meerderheidsaandeelhouer (1 punt).

5

<b>TOTALE PUNTE</b>
75



*[Handwritten signature]*



## VRAAG 5

5.1 Noem VIER items wat nie in hierdie Kontantbegroting geplaas moes gewees het nie.

Korting ontvang ✓  
 Oninbare skulde ✓  
 Koste van verkope ✓  
 Waardevermindering ✓

-1 vir elke oortollige addisionele item indien vier punte verdien is

4

## 5.2 KREDITEUREBETALINGSKEDULE

MAAND	KREDIET AANKOPE	OKTOBER	NOVEMBER	DESEMBER
Augustus	64 000	9 600		
September	67 200	50 400	10 080	
Oktober	74 000	7 030	55 500	✓✓ 11 100
November	68 000		6 460	✓✓ 51 000
Desember	70 000 ✓✓		indien x 10% x 95%	✓✓ 6 650
bewerking een deel korrek		67 030	72 040	✓ 68 750

9

5.3 5.3.1 Bereken die totale verkope vir September 2014.

$$\frac{40\,500 \checkmark \times 100}{15 \checkmark} = 270\,000 \checkmark \text{ bewerking een deel korrek}$$

3

5.3.2 Bereken die persentasie verhoging in huurinkomste in Desember 2014.

$$\frac{1\,000 \checkmark \times 100}{8\,000 \checkmark \times 1} = 12,5\% \checkmark \text{ bewerking een deel korrek, aanvaar 12,5}$$

3

2014-11-07

PRIVATE BAG X 110  
PRETORIA 0001

PUBLIC EXAMINATIONS

DW  
 W. J. van  
 Oort

5.3.3 **Bereken die salarisse-en-lone-bedrag vir Desember 2014.**

$46\ 000 \checkmark \times 108,5\% \checkmark = 49\ 910 \checkmark$  bewerking een deel korrek

OF  
 $46\ 000 + 3\ 910 = 49\ 910$

3

5.3.4 **Bereken die rentekoers op die lening.**

$\frac{1\ 125 \checkmark \times 100 \times 12 \checkmark}{150\ 000 \checkmark} = 9\% \checkmark$  bewerking een deel korrek, aanvaar 9

4

5.4 5.4.1 **Bereken die tydperk waarvoor daar genoeg voorraad voorhande is (in dae) op 30 September 2014.**

$\frac{250\ 000 \checkmark}{1\ 228\ 000 \checkmark} \times 365 \checkmark = 74,3 \text{ of } 74 \text{ dae } \checkmark$  bewerking een deel korrek, aanvaar 74,3 of 74

**Verduidelik of dit vir hierdie onderneming geskik is. ✓✓**

Antwoord sal afhang van antwoord hierbo  
Moet periode hierbo vergelyk met raklewe (tensy bostaande antwoord minder as 2 maande is)  
Enige geldige kommentaar, b.v.

- (Nie geskik nie aangesien) – die tydperk waarvoor genoeg voorraad voorhande is, oorskry die raklewe.
- (Nie geskik nie aangesien) – die raklewe oorskry is, sal die onderneming met voorraad sit wat hulle nie kan verkoop nie / sal moet vernietig
- (Nie geskik nie) – verlies van winste aangesien voorraad hulle raklewe oorskry het
- 

Vir 1 punt:

- (Nie geskik nie) – 74,3 dae te hoog is
- (Nie geskik nie) – verlies van winste as gevolg van ou voorraad
- (Nie geskik nie) – te veel voorraad voorhande

6

5.4.2 **Bereken die winsopslagpersentasie behaal vir die jaar geëindig 30 September 2014.**

$\frac{552\ 600 \text{ twee punte}}{1\ 228\ 000 \checkmark} - \frac{1\ 228\ 000 \checkmark}{1\ 228\ 000 \checkmark} \times \frac{100}{1}$

$= 45\% \checkmark$  bewerking een deel korrek, aanvaar 45

4

*DW*  
*[Handwritten signatures]*

5.4.3 **Lewer kommentaar daarop of die verandering in die winsopslagpersentasie die onderneming bevoordeel het of nie. Gee 'n berekening(e) om jou mening te staaf.**

**Antwoord vir vier punte:**

Dit het tot 'n afname in bruto wins gelei ✓.

BW vir 2013 = R1 680 000 x 60/160 = R630 000 ✓✓

BW vir 2014 = R1 780 600 – R1 228 000 = R552 600 ✓

OF

BW het met R77 400 (3 punte) afgeneem (1 punt)

OF

BW het met 12,29% (3 punte) verminder (1 punt) Aanvaar 12,3%

**Antwoord vir een punt:**

Die afname in winsopslag het tot 'n toename in verkope gelei

OF

Toename in verkope = R1 780 600 – R1 680 000 = R100 600

OF

Verkope het met 6% vermeerder

4

<b>TOTALE PUNTE</b>
40

2014 - 11 - 07
PRIVATE BAG X 110 PRETORIA 0001
<b>PUBLIC EXAMINATIONS</b>

*DW*  
*W. H. ...*  
*...*

## VRAAG 6

## 6.1 BRIAN SE BRELLIES

## 6.1.1

Bereken die direkte-arbeidskoste.			
Gewone tyd:	$1\ 920 \checkmark \times R95 \checkmark = 182\ 400 \times 3 \checkmark$	547 200	
Bonus:	$547\ 200 \times 12\%$	65 664	<input checked="" type="checkbox"/>
	Indien 12% van bostaande bedrag een deel korrek	612 864	<input checked="" type="checkbox"/>
	$3 \times (182\ 400 + 21\ 888) = 612\ 864$		
	1 mark 2 marks 1 mark 1 mark		

5

## 6.1.2 FABRIEKSBOKOSTE

Diverse fabrieksuitgawes	30 975	
Indirekte materiaal $(52\ 200 \checkmark + 4\ 400 \checkmark - 3\ 600 \checkmark)$	53 000	<input checked="" type="checkbox"/>
Huuruitgawe $(117\ 000 \times \frac{5}{8})$	73 125	<input checked="" type="checkbox"/>
Versekering $(16\ 640 \checkmark - 1\ 280 \checkmark) \times 75\% \checkmark$	11 520	<input checked="" type="checkbox"/> *
Salaris van fabrieksvoorman $97\ 150 \checkmark + 8\ 750 \checkmark + 900 \checkmark$ 9 650: 2 marks	106 800	<input checked="" type="checkbox"/> *
Water en elektrisiteit $(20\ 010 \checkmark + 60 \checkmark \times 80 \checkmark)$ $33\ 350 \times 80/100$	26 680	<input checked="" type="checkbox"/> *
*Kan nie voipunte per lyn verdien as antwoord foutief is nie		
<b>TOTAAL</b>	<b>302 100</b>	<input checked="" type="checkbox"/>

19


-1 vir vreemde items (advertensies)

6.1.3 PRODUKSIEKOSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG  
31 JULIE 2014

Direkte materiaalkoste	623 700	
#✓ Direkte arbeidskoste	612 864	<input checked="" type="checkbox"/>
Primêre koste	1 236 564	<input checked="" type="checkbox"/>
#✓ Fabrieksbokoste	302 100	<input checked="" type="checkbox"/>
Totale produksiekoste	1 538 664	<input checked="" type="checkbox"/>
Goedere-in-bewerking (1 Augustus 2013)	37 600	<input checked="" type="checkbox"/>
	1 576 264	
Goedere-in-bewerking (31 Julie 2014)	(42 600)	<input checked="" type="checkbox"/>
Koste van produksie van klaarprodukte	1 533 664	<input checked="" type="checkbox"/>

10

# ken punt toe vir plasing &amp; omskrywing



DW  
W.H.  
Brent

6.2 BEN SE SPYSENIERING

6.2.1 Identifiseer EEN eenheidskoste vir oliebolle en TWEE eenheidskoste vir pasteie wat groot probleme in 2014 was, en neem in ag dat die inflasiekoers 5% was.

Identifiseer koste ✓✓✓ Syfers ✓✓✓      Probleem ✓✓✓ Geldige raad ✓✓✓  
Neigings nie nodig nie

EEN eenheidskoste vir oliebolle (Haal syfers aan.)	Probleem en raad Beide moet spesifiek wees, nie algemene vaste & veranderlike kostes en algemene koste nie
<p>Veranderlike koste nou R5,00 R4,30 → R5,00 (16,3%)</p> <p>Direkte-arbeidskoste nou R1,90 R1,55 → R1,90 (+ 23%)</p> <p>OF</p> <p>Verkoops- en verspreidingskoste nou R1,15 R0,70 → R1,15 (+ 64%)</p> <p>Moenie Administrasiekoste aanvaar nie</p>	<p>Moet DAK of V&amp;VK noem</p> <p><b>Moontlike oorsaak van die probleem:</b> Werkers werk nie doeltreffend nie/ Arbeidskoste het verhoog/Meer oortyd</p> <p><b>Raad:</b> Assesseer die doeltreffendheid van die werkers/Bied aansporings aan/Tyd- en bewegingstudies/Beperk oortyd/lei werkers op om meer doeltreffend te wees / verbeter toesig</p> <p>OF</p> <p><b>Moontlike oorsaak van die probleem:</b> Verkoopspersoneel nie doeltreffend nie/Vervoerkoste het toegeneem / oninbare skulde/diefstal van brandstof/toename in brandstof pryse</p> <p><b>Raad:</b> Bied kommissie aan op verkope/Ondersoek goedkoper vorme van vervoer/opleiding/ beplan reise beter</p>
TWEE eenheidskoste vir pasteie (Haal syfers aan.)	Probleem en raad Beide moet spesifiek wees, nie algemene vaste & verander. kostes nie
<p>Direkte-materiaalkoste nou R5,05 R2,20 → R5,05 (+ 130%)</p>	<p>Moet DMK dek</p> <p><b>Moontlike oorsaak van die probleem:</b> Tekort aan kennis en vaardighede van werkers/Lae gehalte grondstowwe/ Toename in koste van grondstowwe/ Diefstal van grondstowwe/vermorsing</p> <p><b>Raad:</b> Ondersoek oorsake van vermorsing/Soek na 'n goedkoper verskaffer/Beter gehalte grondstowwe/Beter opleiding/Verbeter sekuriteit</p>
<p>Fabrieksbokoste nou R3,38 R2,50 → R3,38 (+ 35%)</p> <p>Moenie Administrasiekoste aanvaar nie</p>	<p>Moet FBK dek</p> <p><b>Moontlike oorsaak van die probleem:</b> Lae produksie het vaste koste per eenheid laat toeneem/Toename in sekere koste, bv. huur</p> <p><b>Raad:</b> Vermeerder eenhede geproduseer om eenheidskoste te verminder/Adverteer die produk beter/Diversifiseer (ander produkte)/Wees ekonomies met uitgawes, bv. huur/water/elektrisiteit</p>

2014-11-07

PRIVATE BAG X 110  
PRETORIA 0001

PUBLIC EXAMINATIONS

12  
*[Handwritten signatures]*

**6.2.2 Bereken die getal ekstra oliebolle wat hy moet produseer en verkoop om 'n addisionele wins van R15 000 te maak. Aanvaar dat die eenheidskoste en verkoopsprys vir 2014 onveranderd sal bly.**

Indien kandidate alternatiewe metodes gebruik, soek vir sleutel syfers om punte te verdien

15 000 ✓ / R3,00 ✓ ✓  
= 5 000 ekstra eenhede ✓  
Een deel korrek

**OF**  
Vaste koste = 55 000 x R1,18  
= R64 900 1 punt  
Te dek = 64 900 + 15 000  
= R79 900 2 punte  
Eenhede nodig = R79 900 / R3  
= 26 633  
GBP = 21 667  
Ekstra benodig = 4 966 1 punt  
(Verskil a.g.v afronding)

**OF**  
Vaste Huidig NW Ekstra NW  
64 900 + 100 100 + 15 000  
(R 8 – R5) 3,00 (bydrae)  
(2 punte)

=60 000 te maak 1 (punt)  
– 55 000 huidig gemaak  
= 5 000 ekstra eenhede (1 metode punt)

**OF**  
Verkope 55 000 x R8 = R44 000  
KVV 55 000 x R5 = R275 000  
BW = R165 000  
Teiken = R180 000 (1 punt)  
+ Bydrae R3,00 (2 punte)  
= 60 000 eenhede  
Maak 55 000  
Addisionele 5 000 eenhede (1 metode punt)

4

**6.2.3 Noem die produk wat negatief deur die nuwe mededinger beïnvloed is.**

Pasteie ✓

**Lewer kommentaar op hoe dit 'n uitwerking op die netto wins op hierdie produk sou gehad het.**

- ✓✓ Verkope & produksie het afgeneem: (44 000 → 35 000 eenhede) / Ben moes sy prys beperk (tot R12,50) / Vermindering van prys het tot 'n afname in die bydrae gelei (R6,15 → R4,20)
- ✓ Produksie is minder as GBP
- ✓ Dit beteken dat daar 'n verlies op die pasteie gemaak sal word.

5

DEPARTMENT OF BASIC  
EDUCATION  
  
2014 -11- 07  
PRIVATE BAG X 110  
PRETORIA 0001  
  
PUBLIC EXAMINATIONS

TOTALE  
PUNTE  
  
55

TOTAAL: 300

*Handwritten signatures and initials*